

AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS
TYDSKRIFTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

DATUM: 19-01-99

VAKKODE: ZA 968

PRETORIANA 1998/111

NOVEMBER 1998 Nr/No. 111



Tydskrif
van die
Genootskap
Oud-Pretoria

Journal
of the
Old-Pretoria
Society

PRETORIANA

50 JARIGE HERDENKINGSUITGAWE

50TH ANNIVERSARY ISSUE

Bestuurslede / Committee members:

- Mnr. W.J. Punt, Voorsitter/Chairman, Blou borde/Blue plaques, Tel: 46-4886
- Mnr. A. Jansen, Ondervoorsitter/Vice Chairman, Toere en Funksies/Tours and Functions, Skooltuinkompetisie/School Garden Competition, Wonderboompoort, Tel: 804-1023.
- Mnr. F. Mohr, Sekretaris/Secretary, Penningmeester/Treasurer, Apiesrivier/ Apies river, Tel: 47-3496.
- Lt. Genl. H. de V. du Toit, Publikasiekomitee/Publication Committee, Nuusbrief/ Newsletter, Straat- en Plekname/Street and Place names, Tel: 43-5923.
- Me. D. Offringa, Kultuurontwikkeling/Cultural Development, Waaksaamheid/ Vigilance, Tel: 344-1807.
- Mnr. A.C. van Vollenhoven, Pretoriana, Tel. 341-1320.
- Mnr. H.P. Laubscher, Toere en Funksies/Tours and Functions, Tel. 362-6008.
- Me. R. Uys, Navorsing en Argief/Research and Archive, Tel. 343-6054.
- Dr. J.P. Hugo, Blou borde/ Blue plaques, tel. 46-4318.

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.
The post office box number of the secretariat is 4063, Pretoria 0001.

Redakteur: A.C. van Vollenhoven

Redaksionele adviseurs vir hierdie uitgawe:

Dr. J.C. Pretorius
Lt. Genl. H.de V. du Toit
Dr. P. Edwards

ISSN nr. 0478-1759

Uitleg & ontwerp: Christelle Nothnagel
Gedruk deur: Business Print Centre

INHOUDSOPGAWE/ TABLE OF CONTENTS:

PRETORIANA NR/NO 111

| | |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| Voorwoord / Foreword..... | 2 |
| Genootskap Oud-Pretoria – Die Beginjare <i>deur</i> WILLEM J. PUNT | 3 |
| My Vader: Willem Henry Jacobus Punt <i>deur</i> WILLEM J. PUNT | 7 |
| Die Steentydperk in Sunnyside, Pretoria. <i>deur</i> ANTON PELSER | 14 |
| Aspects of the historical archaeology of Pretoria. <i>by</i> ANTON C. VAN VOLLENHOVEN | 24 |
| ‘Pollenys, Pollenys’ - Modieuse Pretorianers van gister <i>deur</i> ANDRÉ MALAN | 40 |
| Voorskrifte aan outeurs..... | 54 |

Foreword

With this issue of Pretoriana we formally honour the Society's 50th anniversary.

Since the first issue of Pretoriana appeared on 1 September 1951, each issue has been remarkable and a special contribution to the recorded history of Pretoria.

Pretoriana represents an achievement upon which the Society and Pretoria may be exceptionally proud.

We honour the previous editors and contributors, the present contributors and the editorial board being the editor Anton van Vollenhoven and Gen Hein du Toit, Dr Celestine Pretorius and Dr Pierre Edwards.

Preasens in Preaterito - we reserve the past in the presence.

Willem J Punt - Chairman

Voorwoord

Met die uitgawe van Pretoriana gedenk ons formeel die Genootskap se 50e bestaansjaar. Sedert Pretoriana No 1 op 1 September 1951 verskyn het was elke uitgawe merkwaardig en 'n besonderse bydrae tot die opgetekende geskiedenis van Pretoria.

Pretoriana is 'n prestasie waarop die Genootskap en Pretoria uitermatig trots mag wees.

Ons huldig al die vorige redakteurs en bydraers en die redaksie, te wete, redakteur Anton van Vollenhoven en die redaksionele komitee, Gen Hein du Toit, dr Celestine Pretorius en dr Pierre Edwards.

Preasens in Preaterito - In die hede bewaar ons die verlede.

Voorsitter - Willem J Punt

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA - DIE BEGINJARE -

WILLEM J PUNT

Dat 'n plaaslike historiese en bewaringsvereniging in Suid-Afrika al 50 jaar bestaan en nog steeds aktief is, homself steeds hervorm en steeds nuwe take aanpak en projekte bedink, is merkwaardig. Dit dui op 'n nuttigheid vir die gemeenskap en behoefte-ervullingsrol wat aangespreek word en van toegewyde en hardwerkende lede en bestuurslede. Dit is ook interessant dat so 'n vereniging eerste in Pretoria ontstaan het en nie in die Wes-Kaap nie. Die Genootskap is die oudste van sy soort in die land, tweede oudste is die Simonstadse Historiese Vereniging.

Die gedagte om so 'n plaaslike historiese en bewaringsliggaam op te rig het gekom van wyle dr Willem Henry Jacobus Punt. Hy het dikwels daarvoor gepraat met sy vrou en vriende waar die gedagte instemmend ontvang is. Op 'n dag bied sy vrou aan om die daadwerklike stap te neem om 'n stigtingsvergadering te reël. Dit doen sy toe en op 22 Maart 1948 kom 'n aantal mense by die Punts aan huis te St Patricksweg 251 Muckleneuk byeen.

Aanwesig was Mnr W H J Punt, Melt van Niekerk, P J A Basson, Albert Kuit, H P H Behrens, Jan Ploeger, mev Estelle Lane, dr Coenraad Beyers, A G Ueckermann, F V Fitzsimons, A N Pelzer, Cobie Court-Punt en mev Phyllis Punt. Ek het as belangstellende tiener eenkant gestaan en luister.

Verskorings is ontvang van dr P J Du Toit, dr Fanie Engelbrecht, mnr J A Mouton, dr F C L Bosman, mnr en mev Willie Cooper, ds Smal en mnr S L van Wyk.

Van die persone leef nog net Phyllis Punt, Melt van Niekerk en ek.

'n Voorlopige bestuur is by die vergadering verkies bestaande uit: W H J Punt (voorsitter), H P H Behrens (sekretaris), C Beyers en A N Pelzer. Besprekings het oa gegaan oor die gevaar van kultuur- en geskiedenisverlies deur die afsterwe van pioniers en sloping van geboue en verlies van geskrewe en geïllustreerde materiaal. Samewerking met die Historiese Monumente Kommissie (voorganger van die huidige Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede) is bepleit en op besluit. Die komende eeufees van Pretoria (1955) is op die agenda geplaas. Nadruklik is samewerking met die Stadsraad van Pretoria beklemtoon en dat die Stadsraad die nuwe vereniging moet erken. Voorts is die kwessie

van 'n naam vir die vereniging bespreek. Uiteraard was daar byna soveel voorstelle as wat daar mense aanwesig was, dus word besluit om by 'n volgende geleentheid hieroor tot 'n besluit te kom. Oor 'n grondwet of statuut vir die nuwe vereniging word ook bespreking gevoer en die nuwe voorlopige bestuur kry opdrag om so gou moontlik daarmee te begin.

Slegs drie dae later, op 25 Maart 1948, kom die voorlopige bestuur byeen in die kantoor van dr Coenraad Beyers (staatsargief). 'n Grondwet word opgestel en die naam Genootskap Oud-Pretoria - Old Pretoria Society voorgestel. Op 7 April 1948 is die konsep grondwet op die eerste bestuursvergadering verwys na 'n vergadering op 26 April 1948 en goedgekeur vir voorlegging aan die eerste algemene ledevergadering op 19 November 1948. Daardie eerste statuut is wesentlik in alle opsigte dieselfde as die huidige geldende statuut. Op die eerste jaarvergadering is die eerste verkose bestuur as volg saamgestel: W H J Punt (voorsitter) A Kuit (ondervoorsitter) F J Du Toit Spies (sekretaris) P J H Basson (penningmeester) J A Mouton (argiewe) en lede A N Pelzer, V Fitzsimons, H P H Behrens en mev E Lane.

Die wapen van die Genootskap was al vroeg 'n saak van uitgebreide bespreking want briefhoofde moes gedruk word. Reeds in 1949 is 'n sub-komitee vir die doel aangestel. Die drukkery Wallachs is gevra vir 'n ontwerp wat voorgelê en bespreek is op 3 November 1949. Op 30 Maart 1950 word besluit om J H Pierneef te vra om 'n ontwerp te maak en 'n slagspreuk voor te stel. Pierneef en F D Oerder het veel vroeër al die Pretoriase Stadswapen ontwerp volgens 'n voorstel van F V Engelenburg.

Op 9 September 1950 was J H Pierneef self aanwesig op die bestuursvergadering. Hy het gepleit vir eenvoud en 'n sterk Pretoria-simbool. Hiervoor word 'n afbeelding van die eerste kerkie op Kerkplein voorgestel. Pierneef het 'n paar sketse gemaak, maar nie 'n volledige ontwerp nie. W H J Punt het self 'n paar ontwerpe gemaak en Walter Battiss gevra vir sketse wat hy gedoen het. Nog nie was die bestuur tevrede nie en 'n sub-komitee word aangestel. Mnr R Gerard maak 'n nuwe ontwerp volgens W H J Punt se voorstel. Die algemene jaarvergadering van 24 November 1950 keur die konsep wapen goed asook die slagspreuk "Praesens in Praeterito" (die hede in die verlede). Op die vergadering van 14 Februarie 1951 word J H Pierneef se twee ontwerpe voorgelê. 'n Finale besluit word nog nie geneem nie. Nog ontwerpe kom van jonkheer W van Beyma, S F Naude, uit Nederland, 'n mnr Goodwin. 'n Verwagte ontwerp uit Engeland daag nie op nie. Die wapen sage eindig eers op 31 Januarie 1955 toe die finale wapen aanvaar word. Die elemente is: 'n skild met vier kwartiere; 1e 'n eland rustend (verwys na Elandspoort waarop Pretoria begin het); 2e die wapen van Ouddorp in Zeeland, Nederland waar die Pretoriuse vandaan kom (stamvader in Suid-Afrika Johannes Pretorius is daar gebore 1642); 3e die eerste kerk op Kerkplein (tekening van Pierneef), 4e gekruisde

skryfveerpenne met die VOC logo (opteken van geskiedenis en Pretorius het indiens van VOC na Suid-Afrika gekom).

'n Datum van groot belang vir die Genootskap is 1 September 1951 toe Pretoriana No 1 Jaargang 1 onder redaksie van J Ploeger, J C Vlok, F J du Toit Spies en mej J H Davies verskyn het. Die drukker was Triodrukkery te Vermeulenstraat 420. Die eerste jaargang is geborg deur De Bruyn Skoenwinkels. Daarop volgende borge was De Loor Bakkery, J G Kirkness en Kie Robert Hamiltons. Vanaf jaargang twee was Victoria Drukkery te Swemmerstraat, Gezina die drukkers en T S van Rooyen die redakteur.

Straat- en Plekname het van meet af aan die Genootskap se aandag geniet. Op die bestuursvergadering van 29 Julie 1948 is reeds besluit om by die Stadsraad aan te dring dat naamsveranderings met groot omsigtigheid benader moet word en dat as beginsel die oudste naam gehandhaaf moet word, uitsonderings moet sterk gemotiveer word. So 'n uitsondering was die verandering van Plantation Road na Koningin Wilhelminaweg uit eerbied en erkenning aan die ou Nederlandse koningin by haar abdikasie na 50 jaar op die troon. Die Genootskap het beswaar gemaak teen die vroeëre verandering van Markstraat na Paul Krugerstraat en Kochstraat na Bosmanstraat. Die Stadsraad het die Genootskap se insette oor naamgewing verwelkom en name soos Groenkloof in plaas van Klapperkop, Lukasrand en Waltloo, opgeneem. Die Genootskap se pleit vir die behoud van Scheidingstraat en Die Genootskap se lys name vir Waltloo se strate is aanvaar. Hieruit kom die latere ontstaan van die stedelike Advieskomitee (nou Forum) oor Straat- en Plekname, 'n heel unieke liggaam in die munisipale opset in Suid-Afrika en voorganger van ander naamliggame.

Reeds in 1949 rig die Genootskap baie sterk versoë tot die Stadsraad vir die behoud van Fountain Lodge of Bras Pereira-huis op die hoek van Paul Kruger- en Skinnerstraat. Dit word 'n bewaringstryd wat die bewaarders uiteindelik verloor en die slopers wen. Maar, dit het 'n baie belangrike uitwerking in die bewusmaking by die publiek van die gevaar vir hulle boukundige en omgewings-kultuurerfenis en aanwakker van 'n nuwe ingesteldheid van protes en aksie teen kultuurvernietiging deur die owerhede en ontwikkelaars, gehad.

Reeds op 29 Julie 1948 inisieer die Genootskap die gedagte van gedenkplate (vandag se blouborde) met die versoek aan die Stadsraad om by die Lukas Bronkhorsthuis (1839) in Fonteinedal 'n gedenkplaat aan te bring. Dit word destyds nie gedoen nie maar die idee vind onmiddellik inslag. Vele jare later kon die Genootskap deel wees van 'n stedelike komitee wat wel 'n gedenkmuur aanbring by die Bronkhorsthuis en wat u vandag daar kan sien. Die Genootskap plaas op eie inisiatief bronsplate by Kaya Rosa (Skinnerstraat voor die herbouing by Universiteit Pretoria), Raadsaal op Kerkplein ter ere van die Rooikruis,

Poskantoor ter ere van J J Kirkness en later 'n hele aantal blouborde.

Geen bespreking van Genootskap Oud-Pretoria kan Kerkplein weglaat. Een van die aanleidende prikkels tot die ontstaan van die Genootskap lê in W H J Punt se waarneming van die ontwikkelingsdrif wat gevolg het met die ekonomiese opbloeï na die Tweede Wêreldoorlog. Dit het ook op owerheidstereï voorgekom. Die destydse Transvaalse Provinsiale Administrasie onder Administrateur J J Pienaar het al in 1947 gewag gemaak van sy behoefte aan groter nuwe kantoorruimte. Die blok Pretorius- Bosman- Kerk-Parlementstrate was ter sprake, die wesfasade van Kerkplein dus. Die grootste bewaringstryd nog in Suid-afrika het oor die twee dekades geloop, is uiteindelik deur die bewaarders gewen en die Genootskap was deel van die stryd.

Die impak wat die genootskap al vroeg na sy ontstaan gehad het spreek ook oa uit sy betrokkenheid by die 1950 Raadsaal-bewaringskomitee, voorloper van die huidige (onaktiewe) statutêre Kerkpleinkomitee. W H J Punt het die Genootskap in beide liggame verteenwoordig.

In die eerste paar jaar van sy bestaan het Genootskap Oud- Pretoria vir hom 'n stewige plek in Pretoria se breë kulturele omgewing verwerf. Vandag na 50 jaar, is dit nog so.

Bronne: Uittreksels uit Notules van Vergaderings en notas deur Wyle dr Jan Ploeger.

MY VADER: WILLEM HENRY JACOBUS PUNT

deur Willem J Punt

Sy agtergrond en loopbaan sal insig gee op sy bewarings- en kultuur ingesteldheid wat hom tot Genootskap Oud-Pretoria, en die Stigting Simon van der Stel gedagtes bring.

In Europa het die algemene lewensomstandighede na die omwenteling van 1848 nog lank moeilik gebly vir die gewone man. So was dit ook in Nederland. Johannes Punt en sy gesin het gewoon aan die Prinsegracht in Amsterdam. Hy was skeepsmodelmaker van beroep. Daar was ses kinders in die gesin; Egbert, Jacob, Johannes en Pieter en twee dogters wat in hul tienerjare vermoedelik aan tering sterf.

Jacob Punt is gebore op 3 Februarie 1870. Na sy skoolopleiding sluit hy aan by die 7e regiment van Amsterdam. Die weermag was destyds 'n heenkome vir jong werksoekers. Jacob maak goeie vordering en word binne ses jaar luitenant. Maar die romantiek rondom die Boere en die verre Afrika en die uitdaging van 'n nuwe loopbaan daar, laat hom sy offiserspet verruil vir 'n spoormanspet.

Die eerste Vryheidsoorlog (1800 - 1881) bring die ZAR en OVS en die Boere, in hul stryd om vryheid en onafhanklikheid teen die Britse Ryk, baie sterk onder publieke aandag in Europa. Die Boere word oral in Nederland ge-eer. In Amsterdam word in 1881 die Nederlands Zuid-Afrikaansche Vereniging opgerig. Die NZAV bestaan vandag nog.

Dat dit noodsaaklik geword het vir die ZAR om 'n onafhanklike spoorverbinding met 'n hawe, vry van Britse beheer, te kry was besef in Nederland. Inisiatiewe daar lei tot die oprigting van die Nederlands Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatskappij (NZASM) wat aanleiding gee tot 'n addisionele bron van immigrante vir die ZAR uit die ou Stamland.

Eers emigreer Egbert Punt. In 1892 volg Jacob, om ook in diens van die NZASM te kom werk. Die broer Johannes het na Nederlands-Oos-Indië ge-emigreer. Die broer Pieter het later ook na Suid-Afrika en die NZASM gekom.

Jacob begin onder by die NZASM, as konstruksiewerker aan die Oosterspoor, as rangeerder, as ploegbaas, as assistent stasiemeester te Pretoria, assistent stasiemeester te Elandsfontein (Germiston), grootste spookruising in die ZAR.

In die tyd is hy getroud met Cecile Henriette Ruwers, dogter van Willem Juriaan Ruwers,

stasiemeester van Randfontein.

Willem Henry Jacobus Punt, die egpaar se eersteling, word gebore in die stasiemeesterswoning op Elandsfonteinstasie op 26 April 1900. Hy word gedoop deur ds Meiring van Irene-kerk in Johannesburg. In Mei 1900 word Elandsfontein ingeneem deur die Britse magte op pad na Pretoria. Jacob Punt weier om in Britse diens aan te bly by die spoorweë en word summier in die gevangenis geplaas. Sy vrou moes daagliks sy voedsel by die tronk aflewer.

Na hy 'n keer uit die tronk ontsnap het word Jacob Punt en sy gesin na Nederland gedeporteer.

Tydens die vroeë fase van die Anglo Boere-oorlog het Jacob en sy skoonpa Ruwers beide aktief as spoormanne gewerk vir die Boere se oorlogspogings. Willem Ruwers is gestuur na Colesberg en Burgersdorp waar hy selfs stasiemeester was. Vandaar is hy na Bloemfontein en vandaar, voor die Britse troepe uit, terug na Randfontein. By elke stasie het hy die telegraafsleutels weggegooi om die Britte te vertraag.

Met die uitbreek van die oorlog is Jacob Punt in bevel geplaas van Boeretreine na Natal. Hy het vir generaal Christiaan de Wet se kommandos voorrade ingebring en het hierdeur met De Wet bevriend geword. Jopie Fourie was ook 'n goeie vriend in die tyd.

Die trein wat Winston Churchill en Britse krygsgevangenes van Chievelly na Elandsfontein geneem het was onder bevel van Jacob Punt. Interessant om te weet is dat twee Britse offisiere kom kla het oor die teenwoordigheid van Winston Churchill, oorlogskorrespondent, by hulle in die kompartement. Hulle het geëis om volgens meerdere rang behandel te word en Jacob Punt moes eenvoudig Churchill in 'n ander kompartement opsluit.

Na 'n verblyf van drie jaar in Nederland is die Punts in 1904 weer terug in Pretoria. Klein Willem en sy moeder Cccile was by die Suzannasaal aanwesig op 16 Desember 1904 tydens die begrafnis van Staatspresident Paul Kruger. Die ervaring het hom lewenslank bygebly.

Jacob se Krügergesindheid en die feit van sy deportasie bring mee dat werk byna onbekombaar was. Jacob en Egbert besluit om 'n sigarewinkeltjie te begin in Kerkstraat by Kerkplein in die Reserwe Investments-gebou (Cafe Riche). Maar, in besigheid het die twee broers nie te goed oor die weg gekom nie, en die Engelse koop nie by Hollanders sigare nie, die Afrikaners rook nie sigare nie en die Hollander bevolking het na die oorlog

verminder. Dus twee gesinne kon nie leef uit die een winkel nie en die besigheid word in twee winkels geskei. Later word Jacob Punt vryskut boekhouer vir sakemanne en veral dokters in Pretoria. Dit bly hy tot hy op 87 jaar aftree. Hy sterf in 1960, 90 jaar oud.

Cecile Punt was baie aktief op sosiale gebied en in die teater. Sy was lief vir rolskaats, 'n baie populêre tydverdryf in Pretoria in die eerste dekades van die eeu. Die Punt-gesin het uitgebrei met die geboorte van Cecile Jnr en Johannes in Nederland en Jacoba (Cobie) in Pretoria. Klein Johannes sterf aan ingewandekoors in 1905. Suster Cobie was in lewe alombekend in Pretoriase teater kringe as Cobie Court. Suster Cecile is vandag nog bekend as Tannie Cecile de Ridder van Volkspele-faam.

In 1908 het Cecile met Willem, Cecile en Cobie 'n tyd lank in Nederland gewoon. Met haar terugkeer is sy van Jacob geskei. Dit bring vir jong Willem 'n ontwrigtende tyd mee. Hy woon soms by sy ma en soms by sy pa en soms by Duitse vriende, die Belstedts, op die plaas Vasfontein net noord van die huidige Rooiwal-kragstasie. Willem se tienerjare op die plaas en die jagveld, daar was nog baie wild daar en op die naby geleë Springbokvlakte, word 'n belangrike faktor in sy ontwikkeling.

Willem is gevorm as seun van Nederlandse immigrante en die pro-Boere sentimente in die ouerhuis, die simpatieke Duitse vriende, die blootstelling aan die boerelewe en die veld, die trauma van die opbreek van die familie, die vader se intellegensie en die moeder se kunssinnigheid.

Moeder Cecile is in 1965 in die ouderdom van 87 jaar in Pretoria oorlede.

Willem was leerling aan die Staatsgimnasium, Eendrachtsskool en Hogere Oost Eind School waar hy in 1918 matrikuleer.

As skoolseun het Willem 'n veel bewoë lewe gehad. In 1914 was hy by toe generaal Christiaan de Wet in Prinsespark 'n toespraak gehou het. Hy het die generaal gegroet en was uitgenooi om op sy plaas te kom waatlemoen eet. Willem kon die uitnodiging nie nakom nie maar hy het dit sy lewe lank onthou. In 1916 toe generaal de Wet en ander rebelle vrygelaat is uit die Ou Fort in Johannesburg, was daar 'n ontvangs in Pretoria by die White Horse Hotel in Kerkstraat. Willem het hom altyd die moeë generaal en dr H van Broekhuysen goed kon herinner. Hy en 'n groep skoolvriende van Hogere Oost het die onsagwekkende persone daar ontmoet en toe weer by die begrafnis van mev Piet Joubert waar 'n bewoë generaal De Wet elkeen van hulle met die hand kom groet het.

'n Gebeurtenis van 'n ander aard wat op die jonge Willem ook 'n indruk gemaak het was

die politieke verdeeldheid onder die Afrikaners. Sy vader Jacob was 'n Botha-man maar getylik 'n vriend van generaal De Wet en Jopie Fourie, beide Rebelle. Trouens Jacob Punt was Generaal Louis Botha se verkiesingsagent in die eerste Unie-Volksraad verkiesing in Pretoria-Oos teen Sir Percy Fitzpatrick, wie gewen het. Louis Botha het aangebied om, as beloning, vir Jacob 'n pos by Spoorweë te reel. Hy het dit egter geweier, te Brits-koloniaal na sy smaak.

Willem Punt het wel deeglik besef dat kwalifikasies nodig was om te vorder. Geld vir verdere studie was daar nie, dus word hy dadelik na matriek onderwyser by 'n tweeman plaasskooltjie by De Kroon naby Brits. Na twee jaar op die plaaskool skryf hy in by Normaal Kollege Pretoria. 'n Studielening is bekom deur bemiddeling van dr Hjalmar Reitz, wat vroeër 'n kamer by die Punts gehuur het.

Twee jaar later behaal Willem Punt sy onderwysertifikaat en in 1923 die BA-graad, met hoofvakke aardrykskunde en ekonomie, aan die Transvaal University College, (TUC'S) vandag Universiteit Pretoria. Hy word onderwyser te Randjiesfontein, Wonderboom-suid, Brakpan, Voortrekkerhoogte (Robers Heights) en die Railway School (Suidskool).

Verdere studie word onderneem en besorg hom 'n tweede onderwys-ertifikaat en die MA-graad van die Universiteit van Suid-Afrika in 1932 met 'n verhandeling getitel "The geographic influences on the economic and commercial development of the Springbok Flats".

In die tyd was Willem Punt ook deelydse dosent in aardrykskunde aan die Pretoria Techniese Kollege (Technicon) en Universiteit Pretoria.

Hy word in 1935 hoof van die Voortrekker Laerskool in Bloedstraat. Met die sluiting van die skool in 1946 word hy hoof van die Danville Laerskool tot en met sy aftrede in 1959 om oprigter en direkteur van die Stigting Simon van der Stel te word. Die skool spog vandag nog met die enigste volledige versameling vlae uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis en 'n vyver in die vorm van die vyfpunt VOC-kasteel se plan wat in 1952 met die Drie Eeue-Fees aangebring is.

Gedurende 1928 het Willem H J Punt 'n uitgebreide reis deur Europa onderneem op familie- en vriendebesok en kennismaking met nuwe denkrigtings daar en in Engeland. In Duitsland woon hy lesings by van Nazi-gesinde professore in die ekonomie. Dit het hom geweldig ontstel. Die nasionaal-sosialisme met die rassisme met militante beklemtoning en die histerie rondom die toe reeds opkomende Adolf Hitler, het hom baie onrustig gemaak, so veel so dat hy by sy terugkeer in Suid-Afrika 'n groot oorlog binne

tien jaar voorspel het. Dit het hom ongewild gemaak by sy familie en vriende, maar die uitbreek van Wêreld Oorlog II in 1939 het hom korrek bewys. Van sy pro-Duitse ingesteldheid van vroeër het hy anti-Nazi geword en hom by die Suid-Afrikaanse leër aangesluit waar hy die rang van kaptein in die Reserwemag bekleed het. Hy het die Afrika-Eed met trots afgelê, want, het hy gesê, 'n Nazi-oorwinning sal vir die Afrikaner 'n nog groter ramp as die Britse oorwinning van 37 jaar van te vore wees.

Omgewings- en geskiedenisbewustheid, uit sy agtergrond en veral sy navorsing op die Springbokvlakte, skep by hom 'n diepe besef van die heroïese van die Voortrekker- en Boere-geskiedenis en die onstellend snelle verdwyning van hul fisiese nalatenskap. Hierdie belangstelling vind eerstens sy uiting in navorsing oor Voortrekkerroetes, en tweedens in aksies ter bevordering van kultuurbewaring, veral geboue en plaaslike geskiedenis.

Louis Tregardt, die voorste Voortrekker, het 'n dagboek nagelaat. Die unieke dokument het Willem H J Punt se besondere belangstelling gewek. Tregardt se reisbeskrywing en omgewingsbeskrywings het gepas by Punt se oriëntering soos blyk met sy MA-verhandeling oor die Springbokvlakte. As aardrykskundige het hy sy kennis ten volle benut vir sy navorsing oor die trekroetes van Tregardt en Van Rensburg. Hy slaag dan ook daarin om die Tregardt-roete in Transvaal en tot in Maputo (Delgoabaai, Mosambiek) akkuraat vas te stel en te karteer. In 1944 in Maputo ontdek hy die Trichardt-grafte. In 1938 bereken hy teoreties waar die Van Rensburg-trek uitgemoor is in Mosambiek en besoek die terrein. 'n Ontdekking wat hy in die Britse argiewe in 1953 doen lei tot dokumentêre bewys van juis die presiese plek. Tydens 'n ekspedisie in 1959 word verdere bewys gevind in die vorm van die Van Rensburg aambeeld, vandag in die Voortrekker-Monumentmuseum. Die plek is aan die oosewer van die Limpoporivier by die Djindispruit wes van Combomune.

Ondertussen was daar 'n gebeurtenis van baie groot belang, in 1945 is die 50 jarige bestaan van die ZASM se Oosterspoor, van Pretoria na Delgoabaai, gevier. Willem Punt was 'n aktiewe lid van die reëlingskomitee. Die oud-ZASM manne (niemand het ooit van "N-ZASM" gepraat nie, net van "SASM") was in groot getalle aanwesig by verskeie feestelike geleenthede. Erepennings is geslaan en uitgegee. Willem Punt het in die tyd aandeel aan die herontwerp van die nuwe SAS & H kenteken waarin elemente van die ou NZASM wapen opgeneem is.

Benewens die 1938 ekspedisie na die Van Rensburg-moordplek het Willem H J Punt verskeie navorsingsekspedisies gereël om terreine te verken, feitelike materiaal te bekom en veral oorlewerings op te teken. Benewens ekspedisies in verband met Louis Tregardt

(1938 en 1941) was daar Albasinië (1941), Jock of the Bushveld roete en transportryersroetes in die Laeveld (1953 en 1959), De Kuyper-roete - eerste blankes in Transvaal 1725 (1958), Van Rensburg-moordplek (1959), Zimbabwe Ruines (1954), die Buyse in Noord Transvaal, Tregardt-roetes, Schoemansdal en Makapansgrotte (tussen 1938 en 1958). In 1946, in opdrag van die destydse Departement Onderwys Kuns en Kultuur, was hy die ekspedisieleier in die filmspan van die ou Filmraad wat die Tregardttrekroete van Soutpansberg na Delgoabaai verfilm het.

Sy navorsing oor die Tregardt-trek lei tot die ontdekking van die grafte in Maputo en die monument in die vorm van die Tregardt-Trek-Gedenktuin wat in 1968 ingewy is. Die Voortrekker-monument in die buiteland is vandag nog daar en in besit van die Genootskap Louis Trichardt wat deur W H J Punt opgerig is. Met sy boek "Louis Trichardt se Laaste Skof" verwerf hy die Ph.D graad aan die Universiteit Stellenbosch.

Die Departement Onderwys Kuns en Kultuur ken aan hom 'n reisbeurs toe wat hom instaat stel om in 1953 Europa toe te gaan. Hy doen navorsing in die Britse, Portugese, Belgiese en Nederlandse argiewe en besoek opelugmusea in Denemarke, Swede, België en Nederland. In die argiewe het hy hoofsaaklik gesoek na inligting met betrekking tot die Voortrekkers, die V.O.C., vlae, Monomotapa en Zimbabwe. Die besoeke aan die opelugmusea was in verband met 'n belangstelling wat hy reeds vroeër opgedoen het, die bewaring en restourasie van geboue.

Belangrike ontwikkelinge het uit die belangstelling gekom, die Genootskap Oud-Pretoria, die opelugmuseum en die Stigting Simon van der Stel.

In 1953 verkry dr Punt van die Stadsraad van Pretoria die onderneming dat die Stadsraad grond vir 'n Nasionale Opelugmuseum beskikbaar sou stel.

Rondom 1950 word daar in Nederland 'n ou rol film op 'n solder ontdek. Dit blyk toe 'n 1900 nuusfilm te wees waarop President Kruger se aankoms in Den Haag vertoon word. Willem Punt het hom beywer om die ou film na Suid-Afrika te bring en oorgesit te kry op 16mm. Die eerste vertoning hiervan was in Libertas vir Eerste Minister D F Malan en mev Malan.

Met die inwyding van die Voortrekker-Monument in 1949 het W H J Punt met medewerking van die Filmraad 'n filmsaaltjie ingerig om vir die duur van die feestyd historiese rolprente, waaronder Trichardt se laaste skof, te vertoon.

Die Drie Eeue-Fees, of die Van Riebeeck-fees, van 1952 het Willem Punt besonder

geïnteresseer en het hy aktief deelgeneem in die Pretoriase feeskomitee. Die gebeurtenis rig ook die aandag op die geboortedorp van Jan van Riebeeck, Culemborg in Nederland en op die huis "De Fonteyn" van sy grootvader waar hy gebore is. In 1952 al was die huis vervalle en word later selfs ontruim en onbewoonbaar verklaar.

In 1953 besoek dr Punt Culemborg en bespreek die saak met die burgermeester daar. 'n Beroep op die Suid-Afrikaanse Regering vir bewaringshulp val op dowe ore. In 1962 was dr Punt weer daar. Dit het toe al 'n baie dringende saak geword. In 1965 loods dr Punt 'n fondsinsamelingsveldtog ten behoeve van die Van Riebeeckhuis in Pretoria. Twee komitees word spesiaal vir die doel opgerig eers te Pretoria en toe te Kaapstad. Binne maande was daar al R8 000 byeen. Die twee komitees word in 1966 saamgevoeg om die Stigting Jan van Riebeeck te vorm. Die Stigting sit die fondsinsameling voort en inisieer die Stichting Jan van Riebeeckhuis, wat De Fonteyn vir een gulde van die Stadsraad van Culemborg koop en restourasiesubsidies van die Nederlandse owerhede verkry. Die veldtog in Suid-Afrika bring R34 000.00 (in vandag se geld ± R1 100 000) byeen wat die restourasieprojek moontlik maak. Die gerestoureerde Van Riebeeckhuis is in 1971 ingewy.


Hierdie projek bring dr Punt in noue kontak met, onder andere, mnr Ton Koot, destyds sekretaris van die bond Heemschut in Nederland en sekretaris van die Rijks-Museum in Amsterdam. Dit word 'n lewenslange vriendskap. In 1972 word in Rotterdam in 'n ou teater muurpaneel van keramiekteels met tonele uit die Tweede Vryheidsoorlog ontdek. Met medewerking van mnr Koot slaag dr Punt, as direkteur van die Stigting Simon van der Stel, om die teeltablet na Suid-Afrika te bring. Vandag is dit te sien in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein.

W H J Punt was 10 jaar lank lid van die Historiese Monumente Kommissie (voorganger van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede). Hy was lid van die S A Akademie vir Wetenskap en Kuns en 'n Herout van Suid-Afrika (lid van die Heraldiekraad)

Hy is bekroon deur die S A Akademie met sy erepenning en deur die Stigting Jan van Riebeeck en Stigting Simon van der Stel met erepenninge. Hy is ook bekroon deur die Stadsraad van Lourenco Marques, die Genootskap Louis Trichardt en die Bond Heemschut met sy penning. Die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging van Amsterdam het ook sy Van Riebeeckpenning aan dr Punt toegeken.

In 1980 word dr Punt benoem deur die Staatspresident vir die Dekorasië vir Voortreflike Diens (DVD). Die oorhandiging word eger uitgestel tot Julie 1981. Willem Henry Jacobus Punt sterf op 22 Mei 1981.

Bron: Verwerking van artikel in 1989 Restorica deur W J Punt



Die Steentydperk in Sunnyside, Pretoria

Anton Pelser
Nasionale Kultuurhistoriese
Museum
Posbus 28088
Sunnyside
0132
Tel.no: (012) 341 1320
Faks: (012) 341 6146
E-pos: Antonsx2@nchm.co.za

Inleiding

Sunnyside het net soos Pretoria 'n baie ryk en lang geskiedenis. Die meeste Pretorianers weet dat Pretoria sy ontstaan as blanke nedersetting in die laat 1840's gehad het, maar min dra kennis van die stad se voorgeskiedenis. Sunnyside, wolkekrabber-woongebied van Pretoria, is in 1875 deur James Mears, 'n sakeman aangelê en is naas Arcadia die oudste voorstad van Pretoria. Dit het vroeg in sy ontstaan as die "Sunny Side" (sonnige kant) van Pretoria bekend gestaan.

Hierdie artikel bespreek kortliks Sunnyside se voorgeskiedenis in terme van die Middel Steentydperk, gebaseer op inligting verkry uit die studie van klipwerktuie wat in Sunnyside opgetel is. Die vindplekke sluit in Troye-, Mears- en Joubertstraat, sowel as De Villiershof, hoofkantoor van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

Die klipwerktuie van Sunnyside

Al die werktuie wat ingesamel is, dateer uit die Middel Steentydperk - 'n tydperk wat van ongeveer 130 000 tot 40 000 jaar gelede geduur het (UNISA 1989:168). Dit is voorafgegaan deur die Vroeë, en gevolg deur die Laat Steentydperk (UNISA 1989:142-225). Die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet 28 van 1969) bepaal dat geen voorwerpe van 'n argeologiese terrein af verwyder mag word sonder 'n permit van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede nie, en dan slegs deur 'n opgeleide argeoloog. Die werktuie onder bespreking is wel deur 'n argeoloog verwyder om hulle teen verdere beskadiging te beskerm. Hulle het ook nie in situ (in hulle oorspronklike verband) voorgekom nie. Die waarde en konteks van die argeologiese vindplekke is dus nie beskadig nie.

Die werktuie is volgens materiaal- en werktuig (funksionele) tipe geklassifiseer. Daar is ook gekyk na tekens van verweer, sekondêre afwerking, gebruiksmarke, ensovoorts - in kort al die prosesse wat 'n invloed op die werktuie tydens hul gebruik en in die tyd wat hulle vergeet op die oppervlak was gehad het. Wat materiaal betref is al die werktuie, behalwe twee, uit kwartsiet vervaardig. Die twee bogenoemde werktuie is uit hoornvels, 'n tipe kwartsiet, vervaardig. Beide hoornvels en kwartsiet is tydens die Middel Steentydperk (MST) uiters geskik vir die vervaardiging van


werktuie geag. Die rante om Sunnyside is wel kwartsietdraend, wat beteken dat die vroeë inwoners van die gebied die roumateriaal vir die produsering van klipwerktuie plaaslik verkry en bewerk het.

Die werktuie is volgens funksie geklassifiseer en is soos volg ingedeel:

- Skrapers
- Skilferwerktuie
- Kern-tipe werktuie
- Punte
- Lemme
- Ander

Skrapers is onder andere gebruik om velle mee skoon te skraap, terwyl punte en lemme waarskynlik gebruik is vir pyle, om diere mee te slag of kos mee te sny. Skilferwerktuie is werktuie wat van kerns afgeslaan is en fyner afgewerk is om 'n snyvlak te vorm. Dit kon dus enige geskikte skilfer wees. Kerns is klippe waarvan skilfers afgeslaan is om werktuie van te vervaardig. In baie gevalle is hierdie kerns self as werktuie gebruik, soos kappers, indien hulle geskikte werks-of snyvlakke gehad het. Onder die kategorie "ander" is dié "werktuie" geplaas wat nie soos tipesie werktuie lyk nie, maar wel tekens dra van afwerking en gebruik. Hierdie beskrywing van funksie is baie simplisties, maar behoort die algemene idee na vore te bring.

Soos met ander argeologiese materiaal is daar 'n verskeidenheid natuurlike en onnatuurlike prosesse wat 'n uitwerking op klipwerktuie het van die tyd dat hulle vervaardig, gebruik, verloor of weggegooi en begrawe word, totdat die argeoloog hulle uiteindelik herontdek. Dit sluit in sedimentasie (soos byvoorbeeld grond wat op die werktuie aanpak); waterwerking (in riviere en strome waar werktuie rondgespoel en gerol word); tekens van menslike gebruik (sny, kap, skraapmerke); diere of mense wat werktuie vertrap, ensovoorts. Dit is belangrik om hierop te let, aangesien dit inligting kan verskaf oor die tipe terrein, soos byvoorbeeld naby 'n rivier of in 'n grot, waar die voorwerpe oorspronklik voorgekom het; of oor hoe die omgewing gelyk het; waarvoor en hoe die werktuie gebruik is, ensovoorts.



Al die werktuie onder bespreking toon tekens van verwerking - party meer as ander. Meeste het ook patina (aanpaksel) in die vorm van sedimente (grond en sand). Die verwerking is veroorsaak deur 'n verskeidenheid faktore en prosesse. Oor die jare wat die werktuie op die oppervlak gelê het, het grond en sand, wat deur water en wind versamel is, hulle bedek en sodoende begrawe. Mettertyd het grond- en watererosie weer die klipwerktuie blootgelê. Wind en water het ook 'n baie groot rol gespeel. Die meeste van die werktuie se oppervlakte is of glad geskuur soos die water hulle bo-oor en teen ander voorwerpe vas gerol het, of is grof en verweer soos die wind oor hulle gewaai en sandkorrels en ander voorwerpe teen hulle vasgewaai het. Daar is ook tekens van ander prosesse, soos vertrapping deur voetgangers en motorvoertuie wat oor die voorwerpe gery het. Dit kan duidelik gesien word aan die vars krapmerke en klein skilfertjies wat onlangs afgebreek het.

Tekens van menslike gebruik is baie moeilik sigbaar, maar dit kan wel toegeskryf word aan die verweerde toestand van die artefakte. In baie gevalle kan gebruiksmarke (soos bv. die glans of krapmerke wat gevorm word wanneer die werktuie met been, vleis of plantmateriaal in aanraking kom) slegs waargeneem word deur 'n baie sterk mikroskoop. Een of twee sny-en krapmerke is wel sigbaar op van die werktuie, alhoewel dit meer reserw kan wees en moontlik nie prehistoriese gebruiksmarke is nie. Op een van die skrapers is daar 'n paar pokmerke ("pitmarks") wat moontlik die oorsaak van menslike gebruik kan wees. Hierdie werktuig kon, bo en behalwe as skaper, ook as aambeeld (om op te kap) gebruik gewees het. Die merke kon egter ook deur die wind wat sandkorrels teen die voorwerp vasgewaai het, veroorsaak gewees het.

Die Middel Steentydperk (MST) verskil grootliks van die Vroeë-en Laat Steentydperk wat betref die metode van klipwerktuig- vervaardiging, asook in terme van kulturele en sosiale gebruike. Werktuie is van skilfers gemaak wat van kerns afgeslaan is. In die geval van hierdie skilferwerktuie, is die vorm van die werktuig reeds bepaal deur die vorming van die kern deur die voorbereide slaanvlak- (vorbereide kern-) tegniek (UNISA 1989:72). Die slaanvlak word voorberei deur klein skilfers te verwyder om 'n platterige of koepelvormige oppervlak te verkry, of om 'n groot skilfer van weerskante van alle kante af oor die bodeel van die liggaam van die kern te verwyder (UNISA 1989:81).

Die mees tipiese werktuig is die punt. Afgewerkte en onafgewerkte skilfers is kenmerkend van die MST, terwyl 'n groot persentasie kerns, skrapers, lemwerktuie

en getande skilfers voorkom. Werktuie met sekonderê afwerking is skaars. Sekere tipes afwerking suggereer montering in hout-of beenstele, maar geen gemonteerde MST-werktuie is nog gevind nie.

Die omgewing tydens die Middel Steentydperk

Grootskaalse klimaats-en omgewings veranderinge, asook kulturele veranderinge en die ontwikkeling van anatomies-moderne mens het tydens die MST plaasgevind. Die mens moes by die veranderende omgewing aanpas en het gevolglik na 'n groter verskeidenheid omgewings versprei en gevolglik benut. Gespesialiseerde werktuigtoerusting is begin ontwikkel wat op moontlike spesialisasie op ander gebiede dui. Die MST in Suid Afrika is baie kompleks en word nog nie ten volle verstaan nie. Die rede hiervoor is dat min kulturele materiaal, buiten klipwerktuie natuurlik, behoue gebly het. Die belangrikste inligtingsbron vir MST-lewenswyse en omgewingsaanpassings is grotte en rotsskuilings. MST-terreine sluit in Wonderwerk-grot in die Noord-Kaap, Boesman Rotsskuiling in Mpumalanga, Border Cave in die noorde van Kwazulu-Natal, Rose Cottage Cave in die Vrystaat en Klasiesriviermond in die Oos-Kaap.

Baie min organiese materiaal het behoue gebly en inligting oor die benutting van plantvoedsel is baie skaars. 'n Klein hoeveelheid gebrande sade, neute, skaars maalklippe en ander plantreste van onder andere Border Cave en Boesman Rotsskuiling verskaf bietjie inligting oor die gebruik van plantvoedsel in die MST. By Klasiesriviermond is die gebrande oorblyfsels van bolplante gevind. H.J. Deacon (1989) reken dat die dik lae gebrande bolplante op gekontroleerde brand en 'n soort van omgewingsbestuur deur die MST-bewoners dui.

By baie kusterreine, soos Die Kelders, Nelson Bay Cave en Klasies-riviermond, is oorblyfsels van skulpdiere, robbe en pikkewyne gevind. Afsettings by Klasiesriviermond, Sea Harvest en Hoedjiespunt in die Wes-Kaap en Die Kelders en Herold's Baai Grot in die Suid-Kaap verskaf die vroegste tekens betreffende die sistematiese benutting van skulpvis. Vis en voëls word nie dikwels in afsettings verteenwoordig nie, wat moontlik daarop dui dat MST-tegnologie nog nie goed genoeg ontwikkel was om hierdie diere te jag nie, of dat hulle nie as 'n primêre voedselbron beskou is nie. Deacon (1989) argumenteer dat die gebrek aan getuienis

vir vlieënde voëls in MST-lae die oorsaak kan wees vanweë die feit dat voëlbene nie geskik geag was as roumateriaal vir die maak van artefakte soos in die Latere Steentydperk nie.

Studies van dierebene wat by MST-terreine gevind is, dui daarop dat jagmetodes wel baie doeltreffend was. Medium tot groot herbivore is gejag. Daar is ook getuienis dat minder gevaarlike diere gejag is, soos byvoorbeeld die eland en klein karnivore. Voorkeure en taboes oor sekere diere het kon ook 'n rol gespeel het. By die Florisbad-terrein, 'n uitgewerkte fontein-oog in die Vrystaat, is gevind dat die MST-bewoners op klein tot medium grote diere gekonsentreer het, maar dat hulle ook geaas het, veral op dooie seekoeie. Oor die algemeen word 'n afname in aaspraktyke en/of die gebruik om slegs die belangrikste dele van karkasse te verwyder waargeneem, terwyl die klem geleidelik na die jag van kleiner in plaas van groot diere verskuif het.

Wat Sunnyside betref, sou die MST-bewoners sekerlik ook klein en minder gevaarlike diere gejag en geaas het. Die diere sou in die omgewing van waterbronne, soos byvoorbeeld die huidige Apiesrivier of Walkerspruit voorgekom het. Daarom sou die mense ook naby water gebly het. Om te jag sou hulle byvoorbeeld 'n punt (wat gemonteer was) of 'n groter kernwerktuig gebruik het om die dier te dood. Lemme sou handig te pas gekom het om mee te slag, terwyl skrapers vir die skoonmaak van die velle gebruik sou gewees het.

Kultuur tydens die Middel Steentydperk

Getuienis vir MST kuns of versiering is baie skaars, in skrilte kontras met die Laat Steentydperk. Daar is gegraveerde volstruiseierdopfragmente uit MST-lae by die Apollo 11 terrein in Namibië gekry, terwyl soortgelyke fragmente afkomstig van Diepkloof ook moontlik versier is. Sewe moontlik geverfde klippe is ook by Apollo 11 gevind. Hierdie artefakte dateer terug na tussen 27 500 en 25 500 jaar gelede - die vroegste getuienis vir rotskuns in Afrika. Stukke oker kom by baie MST- terreine voor. Party het krapmerke of is glad afgewerk, wat beteken dat hulle moontlik vir "skryf" of tekendoeleindes gebruik is. By Klasiesriviermond is 'n stuk oker met drie vlak, ronde holtes, gevind. Dit het waarskynlik as been-of houtboor gefunksioneer. Daar is ook getuienis dat MST mense ten minste 40 000 jaar gelede oker gemyn het. Getuienis hiervoor is by Lion Cavern in Swaziland gevind. Daar kan egter nie met

sekerheid gesê word waarvoor die ontginde okerpoeier gebruik is nie. Dit is waarskynlik vir rotskuns, liggaamsversiering of vir rituele doeleindes gebruik. Wat grafte betref, is slegs een gevind wat met die MST geassosieer kan word. 'n Skelet van 'n kind wat by Border Cave gevind is, dui daarop dat die persoon begrawe is. Volgens Beaumont (1980) is al die menslike fossiele van Border Cave begrawe, omrede hulle soveel minder gefragmenteer is as die fauna-oorblyfsels wat op die terrein gevind is. Die MST is ook 'n belangrike tydperk in die ontwikkeling van anatomies-moderne mens. Die terrein by Klasiesriviermond het heel waarskynlik die oudste Homo Sapiens materiaal ter wêreld opgelewer. Hierdie skelet materiaal dateer terug na tussen 125 000 en 130 000 jaar gelede. 'n Feitlik volledige onderkaak vertoon nie argaiëse morfologie nie, maar verteenwoordig 'n moderne Homo Sapiens. 'n skedel wat by Border Cave gevind is dateer terug na ongeveer 100 000 jaar gelede. Die inligting van Klasiesriviermond en Border Cave dui nie op grootskaalse ontwikkeling van menslike morfologie nie, maar dui wel daarop dat die onderskeid tussen die argaiëse en anatomies-moderne mens reeds goed gevestig was toe die tegnologiese en kulturele praktyke van die MST in swang was.

MST-mense het ook die maak en gebruik van vuur bemeester. Oorblyfsels van verskeie vuurherde is in die vroegste MST-lae by Klasiesriviermond en in MST-lae by Boomplaas-grot ontdek. Wat bewerkte en organiese materiaal betref, is daar baie min getuienis. Die paar artefakte wat wel gevind is sluit in 'n beenpunt, twee ribbebeenfragmente met getande sye en 'n klein beenskag met vier parallel ingesnyde lyne. Hierdie materiaal is afkomstig vanaf Klasiesriviermond. By Border Cave is moonlike messe, gemaak van vlakvark-of bosvarktand gekry, asook dorings met tekens van gebruik. Die dorings is heel waarskynlik as else gebruik (Beaumont et al. 1978). Die gebruik om organiese materiaal te bewerk was wydverspreid, maar dit is duidelik dat been-en plantmateriaal nie as geskikte roumateriaal vir die vervaardiging van artefakte in die Middel Steentydperk beskou is nie.

Samevatting

Gebaseer op die feit dat MST-tipe werktuie in Sunnyside opgetel is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat hierdie gebied reeds vir ongeveer 130 000 jaar lank bewoon word. In MST tye sou die bewoners meesal op jag staatgemaak het vir voedselvoorsiening, alhoewel hulle ook waarskynlik plantvoedsel soos sade, neute, vrugte, bolle en wortels sou benut het. Sunnyside val huidiglik in die Bankenveld


plantegroei streek (Acocks 1988). Hierdie streek word gekenmerk deur 'n Bosveld-tipe plantegroei op die heuwels en rante, soos byvoorbeeld Muckleneukrant. In beskutte valleie, soos die Fonteinedal is daar tekens van gematigde woude. Of die plantegroei 130 000 jaar terug dieselfde was kan egter nie met sekerheid gesê word nie.

Die Sunnyside inwoners sou naby die waterbronne gewoon het, waar die diere wat hulle gejag het sou kom drink het en waar water vir eie gebruik gereedlik beskikbaar sou wees. Tans is die terreine waar die klipwerktuie ingesamel is, tussen 1 en 1,5 kilometer van die Apiesrivier en Walkerspruit geleë. Die klipwerktuie waarmee hulle hul voedselbronne gejag, geslag en bewerk het, het hulle van plaaslik verkrygde roumateriaal vervaardig. Die rante om Sunnyside is kwartsietdraend, en dus was dit nie nodig om ver afstande te reis om materiaal in die hande te kry of dit "in te voer" nie. Al die ingesamelde werktuie is van kwartsiet-tipe materiaal gemaak. Die bewoners van hierdie gebied sou naby waterbronne op die laagliggende dele gewoon het en vir beskutting en beskerming teen die koue, wilde diere, ens. sou hulle na die hoogliggende dele beweeg het om in rotsskuilings en grotte, soos die Fonteine-grot, te woon. In Fonteine-grot is tekens van Middel Steentydperk bewoning gekry. Die inwoners van Sunnyside sou ook heel moontlik migrerende diere in poorte soos tussen Klapperkop en Schanskop gejag het.

Of die vindplekke waar die werktuie gevind is, die oorspronklike woonterreine van die MST-bewoners is, is moeilik om te bepaal, omrede die werktuie nie in situ voorgekom het nie. Hulle is versteur deur 'n verskeidenheid prosesse en is dus nie in oorspronklik neergelegde posisies gevind nie. Dit is egter moontlik dat alle tekens van MST-bewoning en benutting in Sunnyside deur moderne geboue en paaie versteek word. MST werktuie kom egter wydverspreid voor. As ons meer te wete wil kom oor die Middel Steentydperk van Sunnyside en inderdaad Pretoria, sal dit nodig wees om meer intensiewe en wetenskaplike projekte te loods, iets wat baie geld en tyd sal verg.

Bronnelys

1. ACOCKS, J.P.H. 1988. **Veld Types of South-Africa**, South Africa, Botanical Research Institute.
2. BEAUMONT, P.B. 1980. On the Age of Border Cave Hominids 1-5. **Palaeontologia Africana** 23: 21-33.
3. BEAUMONT, P.B., DE VILLIERS, H., and VOGEL, J.C. 1978. Modern Man in Sub-Saharan Africa prior to 49 000 B.P.: A review and evaluation with particular reference to Border Cave. **South African Journal of Science** 74: 409-419.
4. DEACON, H.J. 1989. Late Pleistocene palaeoecology and archaeology in the Southern Cape, South Africa. In Mellars, P., and Stringer, C. (eds.), **The Human Revolution: Behavioral and Biological Perspectives on the Origins of Modern Humans**, Edinburgh University Press, Edinburgh, pp. 547-564.
5. MASON, R. 1969. **Prehistory of the Transvaal**, Johannesburg, Witwatersrand University Press.
6. THACKERAY, A.I. 1992. The Middle Stone Age South of the Limpopo River. **Journal of World Prehistory** 6 (4): 385-440.
7. UNISA. 1989. **Suid-Afrikaanse Argeologie: Enigste Studiegids vir SAR100-J**. Pretoria, Departement Antropologie en Inheemse Reg.

The background features a collage of archaeological illustrations and a photograph. On the left, there are several hand-drawn diagrams of structures, including one with a sun-like symbol and the letter 'TA'. On the right, a photograph shows an archaeological site with a large, arched structure and a smaller white building in the foreground. The overall color scheme is sepia-toned.

Aspects of the Historical Archaeology of Pretoria:

Combining archaeology with cultural history

Anton C. van Vollenhoven
National Cultural History
Museum
P O Box 28088
Sunnyside
0132
Tel.no: (012) 341 1320
Fax: (012) 341 6146
E-mail: Antonsx2@nchm.co.za

ABSTRACT**ASPECTS OF THE HISTORICAL ARCHAEOLOGY OF PRETORIA:
COMBINING ARCHAEOLOGY WITH CULTURAL HISTORY**

During the past ten years a number of historical archaeological projects relating to Pretoria, were carried out by the National Cultural History Museum and the University of Pretoria. In the five projects discussed in this article a close interaction existed between archaeological and historical data produced. From this it would appear that research on archaeological sites dating from the historical age can only lead to acceptable scientific results if both archaeological and cultural historical methods, techniques and sources are utilized.

ABSTRAKTE**ASPEKTE VAN DIE HISTORIESE ARGEOLOGIE VAN PRETORIA:
DIE KOMBINERING VAN ARGEOLOGIE EN
KULTUURGESKIEDENIS**

Oor die afgelope tien jaar is verskeie histories-argeologiese projekte, wat met Pretoria verband hou, deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en die Universiteit van Pretoria uitgevoer. In die vyf projekte wat in hierdie artikel bespreek word, was daar 'n noue interaksie tussen die argeologiese en kultuurhistoriese data, wat hieruit voortgespruit het. Hieruit wil dit blyk dat navorsing oor argeologiese terreine, wat uit die historiese tydperk dateer, slegs tot aanvaarbare wetenskaplike geskiedskrywing lei wanneer beide argeologiese en kultuurhistoriese metodes, tegnieke en bronne benut word.

Note

Historical archaeology refers to sites of human occupation of the earth after the development of writing. Written documents are therefore available to the archaeologist to assist in the investigation of a site. For more information see A.C. van Vollenhoven, **Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie**, (Heinekor, 1995), pp. 18-22.



Figure 1: The entrance to Fort Daspoortrand (F.T. Dreyer).

Introduction

The National Cultural History Museum and the University of Pretoria have during the last decade been involved in a number of historical archaeological research projects relating to Pretoria. Some of these resulted from cultural resource management contracts carried out by the staff of the Museums Sub-section for Anthropological and Archaeological studies and the University's Department of Anthropology and Archaeology. Five of these projects, mainly researched by the author, are discussed.

A HISTORICAL ARCHAEOLOGICAL INVESTIGATION OF FORT DASPOORTRAND

Aim

The study formed part of a more extensive research project aimed at establishing

what remained of the more than thirty fortifications built between 1880 and 1902 in the Pretoria area.¹ As Fort Daspoortrand was found to be an unique architectural feature (figure 1), it was decided to excavate parts of the fort in order to draw up a plan which would also serve as a first step in a future interpretation and reconstruction thereof.²

Method

The first step was to determine the historical background of the fortifications of Pretoria. This was done by an archaeologist who did a thorough investigation as to the availability of literature on the subject, by doing an archival search to find any related information and by interviewing a number of people with some historical knowledge of the fortifications. This cultural historical procedure was deemed essential before the archaeological research could commence.

From this information the importance of Fort Daspoortrand could be evaluated. The excavation which followed concentrated on three areas, namely the western ammunition tunnel, the storeroom and the entrance. The aim was to find the original floor level in each of these cases.




Figure 2: Plan of Fort Daspoortrand (A.C. van Vollenhoven).

As no stratigraphy existed and few artefacts were discovered, the material at the entrance could be removed as a single unit. This proved necessary as large cement blocks contained within (a result of a collapsed roof) posed danger to the excavators. A small bulldozer was used to complete the excavation. The loads of rubble were monitored for artefacts. The determination of the floor level in all three cases assisted in drawing up a plan for the fort (figure 2).

Results

Artefacts discovered, included pieces of metal, of which the bulk were part of the building materials of the structure. Three metal buttons, identified as buttons from British uniforms of this period (1899-1902), were also found.³ Other artefacts included pieces of cement, bricks and pitch originally used in the construction of the fort, pieces of porcelain forming part of the electrical network in the fort, fragments of porcelain and glass of recent origin and some fragments of beer bottles dating from the fort's occupation during the turn of the century.⁴

As only three portions of the fort were excavated, more research is needed. However from the three portions excavated, a clear picture of its plan emerged thanks to the scientific archaeological techniques employed. Archival photographs obtained also proved to be a valuable source in historical archaeological research such as this.⁵ In view of a lack of significant archaeological data found, this research could not have been finalised without the cultural historical information.

EXCAVATION OF THE 1913 HOUSE AT THE WILLEM PRINSLOO AGRICULTURAL MUSEUM

Aim

The Willem Prinsloo Agricultural Museum is one of the satellites of the National Cultural History Museum in Pretoria. To enable the Museum to restore and rebuild the house and some other structures associated with the Prinsloo family extensive historical research was carried out on the history of the farm. As parts of the 1913 house and its outbuildings no longer existed, it was decided to undertake archaeological excavations for any remains. The ash midden was excavated for the purpose of uncovering household articles associated with the Prinsloo family.



Figure 3: A part of the dung floor of the summer house at the 1913 house of the Willem Prinsloo Agricultural Museum was uncovered during excavation (A.C. van Vollenhoven).

during excavation: parts of the foundation stones of the back veranda, a part of the reddish compacted floor of the bath and laundry, pieces of cement from the floor of the cooler and a part of the dung floor from the summer house (figure 3). Only by using scientific archaeological excavation methods, these features, which otherwise could have been lost forever, were recovered.

Cultural material found, included porcelain from the ash midden and glass, metal,

Method

The results of the historical research, carried out by Annemarie Carelsen, a cultural historian,⁶ was studied by the archaeologist. In collaboration with the cultural historian it was decided to excavate the following structures: back veranda of the house, bath and laundry, water tank and cooler, rondavel, summer house and the ash midden. Historical photographs, as well as surface factors such as middens, also helped to determine where to excavate. The position of the trenches was also determined with the aid of Mr B J J Prinsloo, one of the Prinsloo descendants who used to live in the 1913 house.

Results

Remains of the following structures were found

stoneware, kaoline and other material such as bone, plastic and rubber. Some of the porcelain were positively identified by Prinsloo descendants as similar to that they used in the 1913 house and pieces similar to porcelain donated to the Museum by the Prinsloo family. Prinsloo descendants also recognised some of the other kinds of artefacts, such as those made from metal.⁷

Although not much additional information was deduced from the excavation of the site, deductions made from historical sources (e.g. old photographs and recollections of mr B J J Prinsloo) proved to be correct. Historical sources also here proved fruitful in the reconstruction of the 1913 house.⁸ It was clear that without the assistance of the cultural historian, the archaeologist would have had a very difficult task in planning the excavation of the site.

AN ARCHAEOLOGICAL INVESTIGATION OF THE RUINS KNOWN AS THE LUCAS BRONKHORST HOUSE IN THE FOUNTAINS VALLEY, PRETORIA

Aim

Archaeological excavations on the remains of the Bronkhorst house were carried out in 1992 when the National Cultural History Museum was contracted by the City Council of Pretoria for this purpose. The site is situated on property of the Council. Recommendations were required by the Council as to the utilisation and conservation of the site. The aim of the City Council is to eventually incorporate the site in its plan for the conservation of cultural resources in the Pretoria area.⁹

Method

Oral tradition, literary and archival sources were studied by the archaeologist to determine the historical background of the site and the person identified with it, Lucas Bronkhorst, believed to be the first white settler in the area. Five excavations were done on the remains of the house and on what looked like a cooking shelter.

A square excavation was done on the south eastern corner of the house to determine the method of construction and to establish if remains of a floor could be found. A longitudinal trench was excavated over the total width of the house to determine the

floor level and the possible door openings. The third excavation was a trench through the possible cooking shelter to determine if it indeed was used for that purpose. The last two excavations were expanded in order to illuminate specific details.

Result

Although the cultural historical sources used produced contradictory information, it was established that Bronkhorst was indeed one of the first white settlers in the area, but that his house was not the first structure of European origin in the region. It however is the oldest existing remains of a structure built by a white person in the area.¹⁰ The deductions could only be made from cultural historical research and not from archaeological investigation.

Research in this instance showed that oral tradition should always be handled with caution especially when it suits the sentiments of the people concerned - in this case



Figure 4: The Bronkhorst house after the site was made accessible to the public (A.C. van Vollenhoven).

the City Council of Pretoria. It also showed that there is no substitute for thorough historical research in determining the history of a site of the historical period.

Artefacts recovered include pieces of porcelain, glass, metal, pipe stem (kaoline) and some nails. These proved to be contemporary with the ruin (approximately 1848). The artefacts also included material which could have been left there at a later stage.¹¹

Although no archaeological evidence was found to support the general view that the ruin was the house of Lucas Bronkhorst, it led to valuable information in connection with the way the early white pioneers of the Pretoria area settled and built. The information gained is a welcome contribution to the existing cultural historical knowledge of the early pioneers in the former Transvaal. The site is at present conserved and indicated by means of notice boards containing information on the site and its history (figure 4).¹²

ARCHAEOLOGICAL INVESTIGATION OF A NINETEENTH CENTURY WATER FURROW IN CHURCH STREET, CENTRAL PRETORIA

Aim

During the pedestrianisation of Church Street in Central Pretoria, the remains of a structure that seemed to be a water furrow was found under the pavement of the sidewalk. This find eventually led to the National Cultural History Museum being contracted to investigate the find by means of archaeological methods whilst the City Council's historical consultant would do the necessary historical research.

Method

The history of the complete furrow system of Pretoria was researched by the archaeologist by using archival sources. Although this was the task of the historical consultant, his awaited report had to be dispensed with as the contractor could not further delay his work on the site. These sources indicated that the furrow must have been constructed in the nineteenth century and that it was unlikely to have been used much later than 1910.¹³ Doing archival research himself the archaeologist was in any case enabled to better understand the find.




Figure 5: Excavation of the water furrow in Central Pretoria (A.C. van Vollenhoven).

The archaeological investigation was influenced by a number of factors (figure 5). Previous damage to the structure by the excavation of trenches for the installation of services e.g. electricity cables, excluded certain sections from excavation. In terms of a City Council decision that a section of the furrow should be reconstructed and incorporated as part of the pedestrianisation of Church Street, the landscape architect indicated the area in front of the State Theatre which was duly excavated. Another section of the furrow that seemed complete, was excavated to serve as control for the first excavation. As only five days were allowed to complete the job, it was decided to use pick and shovel to excavate, leaving sections in place in case any stratigraphy existed. This proved not to be the case.

Results

Artefacts recovered were of recent origin e.g. complete glass bottles. Others probably dating back to the origin of the furrow included pieces of glass, a glass bottle stopper, a number of rusted nails, a horse shoe and metal bolts.

The dating of the furrow and its exact function could not be deduced from the archaeological excavation. This was however provided by the historical research undertaken. Gros's photographs of the area during the 19th century¹⁴ were especially



*Figure 6: Reconstruction and interpretation of the water furrow
(A.C. van Vollenhoven).*

helpful. The excavation did however uncover much information regarding the construction of the furrow.

A section of the furrow was reconstructed for public viewing. This will help the course of educating people as to the importance of cultural resources¹⁵ (figure 6).

ARCHAEOLOGICAL INVESTIGATION OF THE HISTORICAL GARDEN FOOTPATHS AT THE MELROSE HOUSE MUSEUM, PRETORIA

Aim

Melrose House Museum has been restored to the period 1895-1905 during which period the Treaty of Vereeniging, which ended the Second Anglo-Boer War, was signed in the house.¹⁶ A map drawn up in 1986 indicates the footpaths which were reconstructed, according to information collected by the Melrose House Museum curator, a cultural historian.¹⁷ Excavations were done to confirm this information.



Figure 7: Remains of one of the footpaths at the Melrose House Museum (A.C. van Vollenhoven).

Method

Historical information, including the 1986 plan, was studied in order to decide where to excavate. Historical photographs on which some of these paths could be seen, were also used, mainly as a control measure for the paths indicated on the plan. The existing garden paths from the same period were also studied to use as an analogy in order to get an idea of the construction thereof.

Ten test trenches were dug in parts of the garden where, according to historical information, the probability of finding remains of the paths were the most likely. At this stage it was uncertain if changes to the garden led to the deliberate demolition of the paths. It was believed that excavations would provide an answer to this question.

Results

The garden paths were found to be damaged because of changes which had taken place in the garden over the years. As enough evidence thereof were found it appears as if the paths were not deliberately demolished. The paths proved to be of the same construction as the existing paths of the same period. It had a base of small stones. On top of that a reddish layer of fine rocky material was compacted (figure 7). The current state of the paths does not indicate their exact position and width. This can

however be deduced from cultural historical information.

The main result of the archaeological investigation was that it proved the cultural historical information to be correct with regard to the position of the paths. Cultural historical and archaeological information could thus be combined to reconstruct the garden paths at the Melrose House Museum.¹⁸

Conclusion

The five examples discussed in which only one archaeologist was primarily involved indicates that a substantial part of the recent history of Pretoria requires archaeological investigation. There is a number of other historical-archaeological projects, done by various archaeologists in the Pretoria area indicating that there is a wider scope to historical archaeology in Pretoria than one archaeologist can manage. These research projects further stresses the importance of the combination of archaeological and historical information in reconstructing the past.

Some of the other historical-archaeological research projects carried out by other archaeologists in the Pretoria area are e.g.:

- The historical-archaeological investigation carried out by Küsel of the out-buildings at the Pioneer Museum.¹⁹ In this study she especially made use of historical analogy in collaboration with the excavations to reconstruct the buildings.²⁰
- The National Cultural History Museum did excavations in order to reconstruct the rose garden at the Sammy Marks Museum. Apart from archaeological methods, use was made of historical photographs and family documents of the Marks family.²¹
- A similar project was done in order to find remains of the sunken rose garden at the Melrose House Museum. In this case photographs and oral tradition were used. Although no remains of the rose garden were found, three refuse pits were uncovered. Historical analogy was again used in describing and interpreting the archaeological finds from these pits.²²

These projects proved that a site does not need to be of a substantial age before archaeological excavation could commence. The oldest of these sites, the Bronkhorst house, only dates back approximately 150 years. The youngest site, the 1913-house was used extensively until 1927, a mere 71 years ago.

Research carried out indicated the importance of combining archaeological methods and historical information in investigating sites of the historical period.²³ Use was made of printed sources, archival sources such as written documents, maps and photographs, historical analogy and oral tradition. Some of these sources should be handled with caution. This was clearly shown by the oral tradition of the Bronkhorst house which was clearly influenced by sentiment.

The interest of the City Council in the history of Pretoria has for a long time been limited to the purely historical period of the city's development and its research in this regard limited to sites associated with white people. Fortunately the City Council recently started to also investigate the prehistory of the Pretoria area in order to incorporate it into their plans for the conservation of cultural resources in the city and the marketing of Pretoria.

The council however does not seem to be aware of archaeological sites dating within the historical period, associated with non-whites. In some of these areas such as Garsfontein and Lady Selbourne artefacts belonging to this period have been unearthed by gardeners. Photographs also exist of these areas. Therefore these areas should provide ample research opportunities for the historical archaeologist and will bring a more balanced approach in writing the history of Pretoria. It could also be an opportunity to illustrate that the combination of archaeological and cultural historical methods, techniques and sources is the only acceptable scientific way of writing the history of archaeological sites from the historical period.

References


1. A.C. VAN VOLLENHOVEN, 'n *Histories-argeologiese ondersoek na die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902)*, (Unpublished M.A. thesis, U.P., 1992).
2. A.C. VAN VOLLENHOVEN, 'n *Histories-argeologiese ondersoek na die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902)*, (Unpublished M.A. thesis, U.P., 1992), p. 49.
3. J.W. VAN DEN BOS, *Report on uniform buttons from Fort Daspoortrand*, (Unpublished report, National Cultural History Museum, 1991.04.23).
4. C.J. HOGEWIND, *Report on glass artefacts from Fort Daspoortrand*, (Unpublished report, National Cultural History Museum, 1991.04.30).
5. A.C. VAN VOLLENHOVEN, An historical archaeological investigation of Fort Daspoortrand, Pretoria, in *Southern African Field Archaeology* 3(1) 1994a, p. 53.
6. Compare A. CARELSEN, *Interieurs van boerewonings (1900-1950) op die terrein*

- van die Willem Prinsloo Landboumuseum: 'n vergelykende kultuurhistoriese studie (Unpublished M.A. thesis, U.P., 1995).
7. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Willem Prinsloo Landboumuseum 1913-huis: Argeologiese verslag**, (Unpublished report, National Cultural History Museum, 1993).
 8. A.C. VAN VOLLENHOVEN, A CARELSEN and C.J. MEYER in preparation, **Excavation of the 1913 house at the Willem Prinsloo Agricultural Museum**.
 9. J.A. VAN SCHALKWYK, A.C. VAN VOLLENHOVEN and M. NAUDÉ, 'n **Argeologiese ondersoek van die bouvalle bekend as die Lukas Bronkhorsthuis in die Fonteinedal, Pretoria**, (Unpublished report, National Cultural History Museum, 1992), p. 2.
 10. J.A. VAN SCHALKWYK, A.C. VAN VOLLENHOVEN and M. NAUDÉ in preparation, **A critical investigation of Lucas Bronkhorst, mythical founder of Pretoria: An archaeological investigation of the ruins known as the Lucas Bronkhorst house in the Fountains Valley, Pretoria**, pp. 1-3.
 11. J.A. VAN SCHALKWYK, A.C. VAN VOLLENHOVEN and M. NAUDÉ in preparation, **A critical investigation of Lucas Bronkhorst, mythical founder of Pretoria: An archaeological investigation of the ruins known as the Lucas Bronkhorst house in the Fountains Valley, Pretoria**, pp. 11-13.
 12. J.A. VAN SCHALKWYK, A.C. VAN VOLLENHOVEN and M. NAUDÉ, 'n **Argeologiese ondersoek van die bouvalle bekend as die Lukas Bronkhorsthuis in die Fonteinedal, Pretoria**, (Unpublished report, National Cultural History Museum, 1992), p. 18; J.A. VAN SCHALKWYK, A.C. VAN VOLLENHOVEN and M. NAUDÉ in preparation, **A critical investigation of Lucas Bronkhorst, mythical founder of Pretoria: An archaeological investigation of the ruins known as the Lucas Bronkhorst house in the Fountains Valley, Pretoria**, pp. 11-14.
 13. J. VAN SCHALKWYK (project leader), 'n **Argeologiese ondersoek van die watervoor in Kerkstraat, Pretoria-sentraal**, (Unpublished report, National Cultural History Museum, 1994), p. 24; J.A. VAN SCHALKWYK, M. NAUDÉ and A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Archaeological investigation of a nineteenth century water furrow in Church Street, Central Pretoria in SA Field Archaeology 4(2) 1995**, pp. 78-83.
 14. H.F. GROS, **Pictorial description of the Transvaal**, Pretoria, (n.p., n.d.).
 15. J. VAN SCHALKWYK (project leader), 'n **Argeologiese ondersoek van die watervoor in Kerkstraat, Pretoria-sentraal**, (Unpublished report, National Cultural History Museum, 1994), pp. 1-9 and 24-28.
 16. Anonamous, **Melrose house**, (Pretoria, n.d.), p. 1.
 17. A. THERON and M. JOUBERT, **Ondersoek na die voetpadstelsel van die suidelike gedeelte (voor- en oostetuin) van die Melrose-huistuin**, (Unpublished memorandum, City Council of Pretoria, 1989.10.19), p. 3.
 18. A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Argeologiese ondersoek na die historiese tuinpaadjies by die Melrosehuismuseum, Pretoria**, (Unpublished report, U.P., 1994b), pp. 1-24.

19. M.M. KÜSEL, 'n Argeologiese ondersoek na die oorspronklike buitegeboue-kompleks van die Pioniershuis, Silverton, as komponent van die werf, (Unpublished honours thesis, U.P., 1988).
20. M.M. KÜSEL, 'n Argeologiese ondersoek na die oorspronklike buitegeboue-kompleks van die Pioniershuis, Silverton, as komponent van die werf, (Unpublished honours thesis, U.P., 1988), p. 63.
21. A. HÖRSTMANN, Reconstruction of the Sammy Marks Museum rose garden in **SAMAB**, (19) 1992.
22. J.A. VAN SCHALKWYK, C.J. MEYER, A. PELSER and I. PLUG, Images of the social life and household activities at Melrose house, in **Research by the National Cultural History Museum**, (4) 1995, pp. 81-100.
23. D.P. DYMOND, **Archaeology and History. A plea for reconciliation**, (London, 1974), pp. 76-105; J.C. HARRINGTON, Archaeology as an auxiliary science to American history, in R.L. SCHUYLER (ed.), **Historical Archaeology: A guide to substantive and theoretical contributions**, (New York, 1978), p. 3; A.C. VAN VOLLENHOVEN, **Die militêre fortifikasies van Pretoria 1880-1902. 'n Studie in die historiese argeologie**, (Pretoria, 1995), p. 19.

Note:

*A similar article, by the same author was published in G. Pwiti & R. Soper; **Aspects of African archaeology**, (Harare, 1996). The text was however updated for **Pretoriana**. As the above mentioned book is not widely available, and the contents of the article important to the history of Pretoria, it was decided to include an updated version.*



**Pollenys, Pollenys
MODIEUSE PRETORIANERS
VAN GISTER**

*Liewers dood as
uit die mode is 'n
spreekwoord wat
nie net op vandag
betrekking het
nie. Reeds onder
die Voortrekkers
was daar dames
wat ten spyte van
hulle pioniers-
omstandighede,
probeer het om
met die modes
tred te hou.*

André Malan
Nasionale Kultuurhistoriese
Museum
Posbus 28088
Sunnyside
0132
Tel.no: (012) 341 1320
Faks: (012) 341 6146
E-pos: andrem@nchm.co.za

Die pioniers

Mev. Stucci, 'n Nederlandse predikantsvrou wat in 1846-7 die Voortrekkers in Pietermaritzburg besoek het, het geskryf dat sy haar aan die klereprag van die vrouens in die kerk verwonder het en verbaas was om uit hutte van klei sulke elegantgeklede dames te voorskyn te sien kom. Sarel Cilliers het weer aan sy suster geskryf dat hy hoor sy en haar vriendin hou baie van die mode en dat die vriendin selfs mode ontwerp ("uitvint").

Verskeie ander reisigers het met verloop van tyd opmerkings in dieselfde trant oor die inwoners van die Republieke en pertinent Pretoria, gemaak, soos Sarah Heckford wat as damesmous 'n bestaan gemaak het. Sy meld byvoorbeeld in haar reisbeskrywing dat sy by haar aankoms in 1880 in Pretoria twee modieusgeklede dames opgemerk het.

Modenuus het uiteraard weens die lang afstand van Europa en stadige kommunikasie 'n wyle gevat om Suid-Afrika te bereik en dan nog 'n hele ruk voor dit van die stede na die vrouens op afgeleë plase deurgesuur het. Die feit dat Suid-Afrika in die suidelike halfgrond is, bring in elk geval mee dat die mode altyd 'n seisoen agter Europa, waar modes tradisioneel hulle ontstaan het, is. Tog is daar volop getuienis dat dames wat dit kon bekostig en daarop ingestel was, so gou moontlik die nuutste modes aangeskaf het.

Mens moet egter in gedagte hou dat nie almal met elke modegril op hol raak nie. Verskeie faktore soos smaak, persoonlike oortuigings, godsdienstige beginsels en konserwatisme speel 'n groot rol. Anna Canisius, 'n Nederlandse dame wat saam met haar man na die Zuid-Afrikaansche Republiek geïmmigreer het, is aangespreek oor die hoedjie wat sy kerk toe opgesit het dan te klein was en sommige mense aanstoot gegee het. Sarel Cilliers het, na 'n aanval deur swartes op 'n klompie mense in 1865, in 'n brief aan familie die volgende opmerking gemaak:

onse sonden heef het verdien in waar ik voor vrees de prag in modes is nog dezelfde ... mijn gedagte is het dat de kaffers¹ nog een deel van onse vrouwe gevangelyk sal weg voere na hun land om de grote modes in prag ook de hoepel rokke.

Pretoria is in 1855 gestig en dit was reg in die periode wat deur sommige mense die "dik-aantrektyd" genoem was. Dit verwys na die feit dat die rokke van die tyd al hoe



Figuur 1: Maria Hermiena Dorothea Mundt geb. Van Soelen in die wye hoepelrok van 1860.

wyer geraak en al hoe verder van die lyf moes wegstaan. Om dié effek te bereik, is 'n hele klomp onderrokke (in Europa tot soveel as tien) gedra. Ten minste een hiervan was van 'n dik materiaal, soos baai, gemaak. Baai is 'n growwe en dik, effekleurige wolstof wat veral vir tafel- en saalkleedjies gebruik word.

'n Mev. Breytenbach meld in die tydskrif *Die Boerevrou* dat die gemiddelde verskoning onderklere hier ter lande bestaan het uit een groen baai en drie of vier ruim wit onderrokke, benewens nog ander "bybehorens". In die vyftigs is van 'n materiaal genaamd krinolien gebruik gemaak. Dit was 'n lap wat baie styf was weens die feit dat perdehare daarin geweef is, crin synde die Franse woord vir perdehaar.

Die hoepelrok

In 1857 het die hoepelrok op die toneel verskyn en vrouens het oor hulle voete geval om een te bekom. Eendersyds het dit bevryding van die tiental onderrokke meegebring en andersyds kon die rok nou nog verder wegstaan. Die volgende advertensie van 'n handelaar, A. Broderick van Pretoria, het op 8 Desember 1863 in die *Staatscourant* verskyn:

Een weinige Hoepelrokken, zoo als nu door de Keizerin van Frankryk gedragen wordt. Kleedingstukken zoo als door de Princes van Engeland gedragen wordt.

Teen April 1865 adverteer dieselfde handelaar, wat sy winkel op Kerkplein gehad het: “Zeer groote Hoepelrokken (voor het warm weder geschikt)” en ’n paar maande later gepatenteerde hoepelrokke wat nie sal breek nie.

Maria Hermiena Dorothea Mundt (1832-1881) was die eggenote van Hans Heinrich Mundt, wat later die eienaar van die huidige Pioniershuisie in Silverton geword het. Haar vader was Cornelis van Dijk van Soelen (1809-1876), die eertydse landdros van Bloemfontein. Een foto van haar toon haar in die hoepelrok op sy wydste, waarin sy gewis by enige Europese eweknie sou kon kers vashou.

Mev. Mundt se trourok uit ongeveer 1860 het ook behoue gebly en word vandag in die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum bewaar. Dié rok is van ’n ligte pers/lila gewaterde tafsy gemaak en van heel eenvoudige snit. Die lyfie is met ’n dun koordjie en smal fluweellintjie in ’n kontrasterende pers versier. Die romp is 5 m wyd om die soom en in diep plat plooië in die middelband vas en met ’n smal wit sykantjie om die soom versier. Sy moes volgens die mate daarvan ’n middeljtjie van 24 duim (60cm) gehad het. Verder het dit die tipiese ronde hals, versier met ’n valletjie met plat plooijtjes.

’n Ander hoepelrok in die Museum se versameling het behoort aan Johanna Maria Erasmus, gebore Prinsloo, wat op



Figuur 2: Mev. Mundt in die latere hoepelrok wat nie so wyd om die heupe was nie.

Wonderboompoort gewoon het. Sy was 'n dogter van die Voortrekker Willem Petrus (Willem Wragtig) Prinsloo. Hierdie rok is gemaak van fyn wit moesilien met 'n yl oranje blaarmotief. Die romp, wat byna 4m wyd is, is met fyn rygsplooitjies in die middelband ingeryg met meer plooitjies agter as voor, wat op 'n datum êrens in die vroeë 1860's dui.

In hierdie tyd skei die lyfie en romp van mekaar en bestaan 'n dame se uitrusting gevolglik meestal uit twee kledingstukke - 'n romp en bostuk. Die uitsondering was die sogenaamde prinsesstyl wat 'n snit was wat glo deur Alexandra, die Prinses van Wallis, populêr gemaak is. Die pante van so 'n rok se bostuk en romp is aaneen gesny sodat die rok nie 'n middelnaat het nie. Dit was veral in die laat sestigs en sewentigerjare van die negentiende eeu baie gewild.



Figuur 3: Mev. Mary Burgers se "crinolette".

Op 'n ander foto van mev. Mundt is die volgende stap in die mode ook duidelik te bespeur. Teen ongeveer 1865 het die hoepelrok stadig begin vernou en is die rompe ook in bane na bo gesny sodat daar nie so baie volheid meer om die heupe was nie. Terselfdertyd het die soom van sirkelvormig na elipties verander, met die skerp punt na agter. Dit het veroorsaak dat die rok 'n skuins lyn na agter begin aanneem het en ook effens gesleep het.

'n Presidentsvrou

'n Ander toonaangewende figuur op die modetoneel was die staatspresidentsvrou van die ZAR, 1872-1877, mev. Mary Burgers, (geb. Bryson, 1836-1929). Sy was van Skotse afkoms en het in Europa studeer. 'n Foto van haar

in die Transvaalse argiefbewaarplek (TAB 13186) toon haar gekleed in die hoepelrok se opvolger, die busselrok, wat gedurende die laat sestigerjare en sewentigerjare in die mode was. 'n Crinolette² wat deur haar gedra is, en van haar rokke is ook in die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

Een van die busselrokstyle, wat 'n oorromp, wat in 'n voorskooteffek oor 'n onderromp gedrapeer was, as kenmerk gehad het, was as die "polonaise" bekend. Hierdie rokke het skuins na agter uitgelooop en gesleep.

'n Tydgenootlike vooraanstaande Pretorianer was Magdalena Celliers (geb. Bisseux, 1836-1889), die dogter van 'n Franse sendeling aan die Kaap. Sy was die eggenote van Jan Celliers (1839-1895), die eerste redakteur van die koerant *De Volkstem*, en moeder van die volkstdigter Jan F. E. Celliers. Op 'n foto van haar dra sy 'n modieuse busselrok met vol romp. Die bostuk se hals is tipies: diep en V-vormig en afgerond met 'n wit kantvalletjie met 'n strik op die punt van die V. Agter-aan die bostuk is 'n peplum wat agter oor die bussel sprei. Die moue is buisvormig tot by die elmboë waar 'n wye sirkelvormige val aangeheg is wat bo-oor nou ondermoue, afgerond met 'n wit valletjie om die pols, hang. Die rok is versier met tipiese fraaiings. Haar hare is deftig gekam volgens die modevoorskrifte. Ook van haar is die Museum bevoorreg om 'n uitrusting in sy besit te hê.



Figuur 4: Die digter Jan F E Celliers se moeder, Magdalena, in 'n busselrok van ongeveer 1870.



*Figuur 5:
Christina Pretorius,
dogter van oud-
president M. W.
Pretorius, in 'n rok
uit die laat
sewentigerjare.*



Figuur 6: Mev. J C Preller afgeneem ongeveer in 1880 toe Pretoria in Britse hande was.

Engelse bal. Hulle rokke was volgens hom smaakvol en goed gemaak. Daarteenoor het Morcom, die privaatsekretaris van Sir Theophilus Shepstone tydens die eerste anneksasie van die Transvaal 1877-1881, op dieselfde tydstip geskryf dat "The costumes of the ladies were not striking and compared unfavourably with those to be seen at a Natal ball". Sir Shepstone se veelseggende opmerking oor hierdie kommentaar egter was "Morose Morcom".

'n Foto van Christina Pretorius³ (18??-1926), die beeldskone dogter van die oudstaatspresident van die ZAR, Marthinus Wessel Pretorius (1819-1901), toon haar teen die middel van die sewentigerjare in die busselrok se opvolger. Die busselstutte is weggepak en die rokke het al hoe meer begin vernou. Draperings, valle en opsmuk was nog aan die orde van die dag, veral op die agterkant van die romp. Rokke het terselfdertyd lang slepe ontwikkel. Teen 1880 was die rokke so nou dat dames skaars kon loop terwyl trappe klim en behoorlik op 'n stoel gaan sit byna onmoontlik geraak het.

Onder Britse bewind

E. Sandeman, 'n reisiger, het in 1878 'n bal aan huis van die Britse goewerneur in Pretoria bygewoon en later in sy boek oor sy wedervaringe geskryf dat die dames so goed aangegetrek was soos by enige

Gedurende die Britse besetting is die mode steeds deur sommige dames getrou nagevolg soos blyk uit die herinneringe van Heloïse Greenlees. Sy het die bruilof van Sarie Preller, 'n niggie van die gevierde dr. Gustav Preller, soos volg beskryf:

... [the] bride in a beautiful dress of white satin, made in many narrow gores going into sharp points at the waist, the skirt trimmed with blonde lace and seed pearls. The long train was caught up at the back to form a bustle effect. Her veil cover-ed her face and hung down to her knees ...



Die ses blommemeisies was geklee in moeselien. Die tabberds was vasgebind met serpe van helder maroen gewaterde lint, ongeveer twaalf duim [30cm] breed, en hulle het klein blommekransies gedra. Die twaalf strooi-meisies se rokke was in die jongste polonaise-styl, ⁴ pas uit Parys. Die rompe was van 'n diep roomkleurige Indiese moeselien, terwyl die polonaise-drapeersel van materiaal met 'n ougoud kleur was.

'n Foto van die bruid se moeder, mev. J. C. Preller, wie se man burgemeester van Pretoria tydens die Eerste Britse Anneksasie

Figuur 7: 'n Foto uit die Marks-versameling moontlik van 'n suster van Bertha Marks. Sy dra 'n tipiese busselrok van 1885.

was, toon haar in 'n deftige uitrusting, die materiaal waarvan oënskynlik met 'n satynstreep geweef is. Die gebruik van kontrasterende lap, wat baie gebiedend vir modedrag geraak het, is ook duidelik in haar uitrusting sigbaar.

'n Sakeman se vrou

In 1885 kom Bertha Guttmann (1863-1934), 'n jong Britse vrou uit Sheffield, as die bruid van die Suid-Afrikaanse nyweraar, Sammy Marks (1844-1920), in Pretoria aan. Marks was op daardie stadium al klaar welgesteld en komende uit Engeland moes Bertha haar nuwe landgenote 'n tree of twee vooruit gewees het wat die modes aanbetref.

Die tweede busselfase het hoogty gevier vanaf ongeveer 1883 en teen 1885 was die nuwe gier op sy gewildste. Daar word beweer dat die proporsies oorsee so buitensporig geraak het dat mens 'n skinkbord met teekoppies op so 'n bussel kon balanseer. Mev. Breytenbach, na wie vroeër al verwys is, het beskryf dat die gemiddelde wegstaan van die bussel hier in Suid-Afrika ongeveer 9 duim (+23cm) was. Volgens haar was dit "opwekkend" om 'n klomp Afrikaanse nooiens met hulle "wipstêre" 'n mazurka te sien dans!

Die bussel (Mev. Breytenbach beskryf dit as "vals bout") self het verskil van sy voorganger. Weer eens was daar 'n groot variasie van vorms wat elke seisoen boonop verander het in grootte en vorm en uiteindelik in 'n opgestopte kussinkie in die 1890s bly voortleef het. Party was van fyn netdraad en ander van walvisbeenhoepels.

Uit die baie foto's van Bertha Marks weet ons dat sy modebewus was. Ongelukkig is daar nie 'n foto van haar in haar trourok bekend nie, maar 'n foto uit die Marks-versameling, moontlik van 'n suster van haar, gee vir mens 'n prentjie van hoe sy waarskynlik self in daardie jare geklee sou gewees het. Opvallend is die hoë regopstaande boordjie, wat vir die volgende dertig jaar in dagdrag sou vassteek. By hierdie rokke is dikwels 'n hoed, wat mens aan 'n omgekeerde pot vir 'n stoeplant laat dink, gedra. Van Bertha se klere het egter ongelukkig net 'n syparasol en 'n paar waaiers oorgebly.

'n Modebewuste familie

Jacoba Margaretha (Cootie) Malan (1874-1903) was die dogter van Daniel Malan van die plaas Rietfontein, net anderkant Cullinan. Sy was getroud met L. J. A. (Lou)



*Figuur 8: Jacoba Margaretha Erasmus geb. Malan in 'n deſtige rok uit
ongeveer 1893.*

Erasmus wat op die plaas Brakfontein net anderkant Irene, geboer het. Die enigste bekende foto van haar toon haar in 'n deftige rok uit die vroeë 1890s. Dit is af te lei uit die feit dat die romp oënskynlik nog buisvormig is met volheid om die heupe. Ook die brokaatpaneel, wat duidelik sigbaar is, is tipies.

Vanaf ongeveer 1893 het die romp in 'n klokvorm verander. Daarmee saam het haar moue net 'n klein pofvorm terwyl moue stelselmatig van ± 1893 vergroot het tot die enorme skaapboumoue. Dit was mode tot ongeveer 1897 waarna die moue weer verklein het. Haar haarstyl is ook tipies van die vroeë 1890s - styf teruggekam met die kuif in krulletjies op die voorkop en 'n stywe bollatjie.

Haar halvesuster, Maria Isabella (Malie) Malan (1879-1968) se trourok is by Henwoods, indertyd 'n bekende winkel in Pretoria, gekoop. Sy is in 1898 met haar neef, Johannes Wilhelmus Malan (1877-1939) getroud. Hierdie rok is in die Museum se versameling. Dit is van grysblou wolstof en die lyfie se bors en oormoue was van ragfyn wit sychiffon wat ongelukkig met die verloop van tyd vergaan het. Die lyfie self is met fyn kraleborduurwerk en 'n groot wit systrik op die middel versier. Die romp is in die modieuse klokvorm gesny. Op haar kop het sy 'n parmantige plat strooihoedjie met 'n allemintige volstruisveer aan die een kant, gedra.

Lou Erasmus het op 17 Januarie 1905 met sy eerste vrou se niggie, Aletta Adriana (Lettie) Malan (1884-1961) hertrou. Sy was die dogter van Jacob Cornelis Malan (1829-1888) van die plaas Hartbeestfontein en Johanna Catharina gebore De Lange (1848-1925). Lettie se weduweemoeder het volgens familie-oorlewering gesê die Malans staan nie vir die Erasmusse, wat baie welgesteld was, agteruit nie. Gevolglik het sy Lettie se hele bruidsuiset per katalogus van Parys af deur 'n winkelier in Pretoria, ene mnr. Boscher, bestel, ten spyte van die swaarkry van die na-oorlogse jare. Lettie het later aan haar kinders vertel hoeveel aandag sy met die rokke getrek het.

Die hele uiset het behoue gebly en is deur haar dogter, mev. Vicky Baard vir bewaring aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum geskenk. Die trourok was van roomkleurige sy met insetsels van satynlint en kant. Die huweliksbevestiging het, aldus die troukaartjie, in Pretoria aan huis van mnr. R. E. Erasmus in Kotzestraat, Jubilee Square, Sunnyside plaasgevind. Tydens die onthaal het een van die gaste per ongeluk sjampanje op die rok gestort.

Die rok wat Lettie op die foto aan het, was van swart sy met wit insetsels in die lyfie



Figuur 9: Lou en Lettie Erasmus en sy twee kinders uit sy eerste huwelik met Cootie Malan (Figuur 8) 1905. Lettie dra hier een van die rokke wat haar moeder vir haar uit Parys bestel het.

en versier met oranje fluweellint en -strikkies. Die hele romp is met fyn vertikale opnaaisels versier. Die hangertjie aan die lang ketting wat ver by die middel hang, was ook 'n modegril uit hierdie tyd. Benewens hierdie twee rokke was daar nog 'n vlootblou rok, 'n liggroen rok, 'n bloes van groen sy en roomkleurige kant en 'n sogenaamde "tea-gown" wat sy as japon gebruik het. Vir hulle wittebrood het die paartjie by die Strand gaan vakansie hou.

Uit al hierdie getuienis is dit duidelik dat Pretoria se vrouens van meet af aan probeer het om tred te hou met die mode-ontwikkeling en dat die wat wou en dit kon bekostig die Europese modegiere nagevolg het.

Bronne

1. MALAN, A., Die Hoepel- en busselrok as modestyle in die Boererpublieke (1860-1889). Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelug-museum Vol.I No.5, 1989.
2. MALAN, A., **The use of historical photographs as source for cultural history: The Sammy Marks photograph collection.** University of Pretoria, MA-thesis 1995.
3. STRUTT, D., **Fashion in South Africa.** Cape Town, 1975.
4. Persoonlike mededeling: Mev. Vicky Baard, Brakfontein, Irene, 1988.

Verwysings

1. Hierdie woord word tans as skeldwoord geag maar word hier in sy oorspronklike konteks aangehaal toe dit as algemene benaming vir 'n swart persoon gebruik is.
2. Die hoepelonderrok, of krinolien, is deur 'n kleiner weergawe daarvan, genaamd 'n "crinolette", vervang. Party modelle het dan 'n busselstut daarby ingebou gehad, by ander is 'n los bussel bo-oor gedra.
3. Christiana en Chrissiesmeer is na haar vernoem.
4. Sy beskryf die polonaise as 'n noupassende lyfie wat agter met klein knopies vasmaak. Van die middel voor het 'n soort voorskoot gehang, wat in diep voue gedrapeer was - van regs na voor en dan na agter geswaai, waar dit in die middel saamgevat is om 'n busseleffek te vorm, vanwaar dit dan tot by die knieë afgehang het om 'n sogenaamde waterval te vorm.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Redaksionele beleid:

Die Tydskrif publiseer navorsingsartikels, oorsigartikels, kort mededelings, boekresensies en kommentaar op artikels wat in die Tydskrif verskyn. Artikels moet in Afrikaans of Engels geskryf wees. Menings wat uitgespreek word id dié van die outeurs en kan nie aan die redaksie of Genootskap Oud-Pretoria toegeskryf word nie. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Voorlegging van manuskripte:

Die oorspronklike getikte manuskrip sowel as een duidelike afskrif, asook 'n rekenaardisket met die manuskrip daarop (WP 5.1) moet aan die redakteur voorgelê word. Die manuskrip sal deur 'n raadgewer en/of die redakteur nagegaan word. Die vorm sal ooreenstem met die voorkoms van artikels in die jongste uitgawe van die Tydskrif.

Titel en outeur:

Op die eerste bladsy van die artikel moet die titel daarvan, sowel as die outeur verskyn. Dit is verkieslik dat die instansie waaraan die outeur verbonde is, sowel as 'n posadres aangedui word.

Verwysings:

'n Bronnelys moet aan die einde van die artikel geplaas word.

Abstrakte:

Kort abstrakte in Afrikaans en Engels kan voorsien word, maar is nie noodsaaklik nie.

Figure:

Alle figure moet opeenvolgend genommer word (bv. Figuur 6). Een stel figure moet ingedien word. Byskrifte moet op los bladsye in die korrekte volgorde getik word.

Kopiereg:

Outeurs is self verantwoordelik vir die verkryging van kopiereg en reproduksieregte. Die kopiereg van alle materiaal wat deur die Tydskrif gepubliseer word, berus by die Genootskap Oud-Pretoria.

Redaksionele Adres:

Die Redakteur, Pretoriana, Posbus 28088, Sunnyside, 0132.